Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O.B.", 2de Jaargang, is weer verkrygbaar; In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk.
Posbus 1411, Kaapstad

# Die O.B.

O.B.-SKRYFBLOKKE
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOROORLOGSE PAPIER.
3/6 posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 24 MEI 1944. No. 27.

## PYNLIKE FEITE

Die Kruithoring in sy uitgawe van 10 Mei, kondig aan dat sy direksie tans bestaan uit **Dr. Karl Bremer (Voorsitter),** Dr. D. F. Malan en Mnr. F. C. Erasmus.

Ook bedui Die Kruithoring in een asem vir sy lesers die volgende vanselfsprekende feit: **„Die blad voer die beleid uit soos van tyd tot tyd neergelê deur die drie direkteure".**

Onthou sal word dat dr. Bremer tydens die verkiesing verlede jaar op Stellenbosch bekendgemaak het dat hy as direkteur bedank het uit protes teen die onwaardige aanvalle van Die Kruithoring op die Ossewabrandwag. **Tans is die verkiesing verby, dr. Bremer is weer L.V. — en Voorsitter van dieselfde direksie.**

Opvallend — en opsetlik? — dat in dieselfde uitgawe wat dit aankondig vier kolomme heftige aanvalle aan die Ossewabrandwag gewy word, twee waarvan opgevul is met die klaarblyklikste sothede oorgeneem uit . . DIE SUIDERSTEM !

**In die lig hiervan kan ons van dr. Bremer se optrede net sê dat as hierdie, wat sy persoon betref een van die ordentlikste van die politici, so handel onder die dwang van partypolitieke motiewe, in hemelsnaam, wat dan van die ander?**

## O.B.-HOEDERSKAP

Onderwyl 'n offisiersvergadering van die manne- en vroue-kommando's van Fouriesburg, C6a2 en C6a7, aan die gang was, het daar 'n dringende versoek gekom van 'n andersdenkende se vrou vir geldelike steun vir 'n behoeftige se dogter wat ernstig siek is aan ruggraatkoors. Die ambulans is van Bethlehem ontbied en die koste daaraan verbonde is £4-10-0.

Die dame het alle pogings aangewend om 'n bydrae te kry om die koste te dek daar die saak baie ernstig was.

Sy het haar later na die offisiere in die vriendskapkamer gewend en binne 'n paar minute is sy daar weg met die mooi bedrag van £3-17-6.

Die O.B. glo daaraan om die woord by die daad te voeg.

Die behoeftige was ook een van dié wat deur die vyande mislei is om te bedank.

Waar hy nou in nood verkeer ken **hulle** hom nie, maar sal hom weer oor 5 jaar ken.

Die O.B. ken sy broer en suster elke dag.

EEN VIR ALMAL, ALMAL VIR ELKEEN.

## WIE SE KOMMUNISME ?

Wie is die mense wat die kommunistiese pers in Suid-Afrika in die lewe hou? Is die stryd van hierdie pers in belang van die werkers wanneer die volgende persone die geld verskaf? Laat die werker homself afvra wanneer hy onderstaande name lees van donateurs vir die kommunistiese pers soos erken in The Guardian:

M. Honikman, H. Socher, H. A. Berman, D. Itzkin, A. Shapiro, J. Kallman, M. Strimling, P. Lavin, S. Schreiner, M. Lazarus, Capt. E. Abramowitz, F. G. Schweizer, B. Esakovitz, M. Cohen, J. Herzberg, D. Leibowitz, S. Block, S. Silberman, A. Weinberg and Co., J. N. Sher, S. Schneier, A. E. Lewis, H. Isaacs, L. Herman, J. Benjamin, I. Behrman.

**Onder die skenkings is daar een van £25, verskeie van £10, en etlikes van £5, 'n groot aantal van £3-3-0 en £2-2-0.**

# Stembus in Goudstad bied geen Hoop

## ONDERDRUKTES MOET KRAG BY VOLKSBEWEGING INWERP

Volgens die jongste persberigte sal die Verenigde Party reeds van Oktober af deelneem aan die stadsraadsverkiesings op die Rand. Die brandpunt is natuurlik Johannesburg, waar die Belastingbetalersparty, 'n klompie ‚super-Britte' wat altyd die fort vir die S.A. Party en daarna vir die Verenigde Party gehou het, tans op die vooraand van ontbinding staan.

Maar ons lesers moet tog nie dink dat nasionalisme nou op die punt staan om 'n magtige oorwinning in Johannesburg te behaal nie. Veral ons lesers in Johannesburg sal dit besef. **As 'n mens verkondig dat jy in Johannesburg deur middel van die stembus nasionalisme kan laat seëvier dan openbaar jy slegs onkunde of jy mislei doelbewus.**

Daarom wil ons graag die toestande ontleed en elke Afrikaner vra om aandagtig die lot van sy volk te betrag. Die toestande wat in Johannesburg heers, word aangetref in elke groot stad in Suid-Afrika. Die mag van die Belastingsbetalersparty in Johannesburg het nog altyd berus op die stryd tussen nasionalisme en imperialisme. **Die nasionale element is oorwegend in 'n paar voorstede gekonsentreer. Feitlik al hierdie voorstede val in een wyk. (die stadsbenaming vir 'n kiesafdeling). Elke wyk het drie verteenwoordigers en dit was dan ook die maksimum verteenwoordiging wat die nasionaalgesindes te eniger tyd gehad het. Dit geld ook vir die toekoms.**

Benewens die paar nasionaliste wat altyd in die Raad gesit het, was daar ook 'n paar Arbeiders en enkele Onafhanklikes. Hierdie lede is gekies deur die gekombineerde stemme van Afrikaans- en Engelssprekende werkers in voorstede waar albei sterk verteenwoordig was.

Net soos die Afrikaners het ook die Jode en Engelse die neiging getoon om in 'n groep te gaan woon. **Gevolglik is daar 'n reeks voorstede na aan mekaar geleë, waar hoofsaaklik Jode woon, en ander waar daar oorwegend Engelse woon. Weens hierdie samestelling weerspieël die wyke van die stadsraad meer of min die volgende elemente: Super-Britte, Nasionaliste, Jode, Engelssprekende werkers, en Engels- en Afrikaanssprekende werkers gekombineerd.**

In die goeie ou dae, voor die toetrede van Rusland tot die oorlog, en voor daardie oorlogskreet dat ons nou vir 'n beter Suid-Afrika veg, het die Engelssprekendes deurgaans die Belastingbetalersparty gesteun, want toe het die stryd gewoed teen die Afrikaner wat vernietig moes word en nie oor beter behuising en goeie stadsbestuur nie.

**Die jongste verkiesing egter, het aan die lig gebring dat die Engelssprekende werker sosialisties dink, en die Jode meer van die „popular front"-idee hou as van die Belastingbetalersparty.**

Die probleem van die Afrikaner is hoe om homself te handhaaf teenoor die massa vyandiggesindes in die stad. Die voorstede waarin die Afrikaanssprekendes woon, is die armste. Dit word bewys deur waardasie van hul persele en wonings. Hulle woon die naaste aan die kaffer- en kleurling-lokasies. Nou mag geargumenteer word dat hierdie arm mense minder belasting betaal.

Laat ons twee voorstede vergelyk: Vrededorp, 'n geskiedkundige naam by elke Randse Afrikaner, en Parkwood, 'n welgestelde voorstad.

**Sewehonderd1vier-en-sewentig erwe in Vrededorp is gewaardeer teen £392,610 en het vanaf Julie 1942 tot Junie 1943 £4,392 aan belasting gelewer. Sowat £600 is uitstaande. Agthonderd sewe-en-twintig erwe in Parkwood is gewaardeer teen £1,121,205 en het gedurende dieselfde tydperk £9,165 aan belastings gelewer. Sowat £200 is uitstaande.**

**Die belastings is dus buite verhouding met die waardasie, wanneer hierdie twee voorstede vergelyk word.**

By die Ossewabrandwag maak dit nie saak wie in Parkwood woon nie, maar ons weet dit is nie ryk Afrikaners wat in Vrededorp woon nie. Daar is ander redes waarom die Afrikaner sy lot in hierdie stad met verbystering aanskou. **Daar is talle Afrikaners in diens van die Raad, maar nie een enkele departementele hoof is Afrikaanssprekend nie. 'n Geringe aantal amptenare in laagbesoldigde betrekkings in die administrasie is Afrikaanssprekend. Die terrein van die Afrikaanssprekendes in die Raad is die ongeskoolde arbeid, sypaadjies skoffel, rioolslote grawe, waterkarre drywe ens.**

Daar is ook die kwessie van die Afirkaner se taal wat nie gehandhaaf word nie. As jy in Afrikaans bedien wil word, vereis dit baie moeite en 'n vermorsing van tyd, in sommige gevalle gepaard met 'n belediging.

**Daar is dus baie redes waarom die Afrikaner 'n verandering van bewind sal verwelkom, maar dit is nie vanselfsprekend dat sy posisie dan sal verbeter nie, want die nuwe bewindhebbers kan nooit nasionaalgesind wees nie. Gevolglik sal hulle nie die lokasies uit die Afrikaner se midde verwyder nie. Hulle sal nie sy taal handhaaf nie en hulle sal nie 'n doelbewuste arbeidsbeleid volg om beter vooruitsigte vir Afrikaners binne en buite die diens daar te stel nie.**

Die pad van die Afrikaner is duidelik. As hy nie deur middel van die stembus sy regmatige aandeel kan verower nie, dan is sy plig as enkeling in 'n wyk waar sy stem van geen waarde is nie, om hom te voeg by sy volksgenote in 'n magtige organisasie ten einde die stryd op alle terreine te stry. **Vir hierdie stryd is die Ossewabrandwag ingerig.**

## PUIK WERK

'n Demonstrasie van tuis-gemaakte artikels is gehou op Fouriesburg onder toesig van die volksorgoffisier, ass. hoofkomdte. mev. F. E. C. du Toit.

Byna al die kommando's in die generaalskap het deel geneem en 125 inskrywings is gemaak. Dit was verbasend om te sien wat die boervrou uit nietighede kan maak.

Tuis-gespinde wol is verwerk in pragtige truie en die kinderspeelgoed was van besonder hoë gehalte.

Alle mededingers wat pryse verower het, het goedgunstiglik hulle pryse afgestaan vir die saak en baie van die artikels is gegee om verkoop te word ter stywing van die Noodhulpfonds.

Die mooi bedrag van £28 is ingesamel vir die Noodhulpfonds. Alle kommando's verdien alle eer en dank.

## OUD-SOLDATE WORD VERWAARLOOS

Dit blyk dat soldate wat uit die leër ontslaan word, soms maande lank moet wag voordat die pensioen waarop hulle geregtig is, aan hulle uitbetaal word. Hierdie manne wat indertyd aangesluit het onder meevoering van die mooiklinkende beloftes van 'n beter wêreld, voel diep gegriefd dat daar so min aandag aan hulle geskenk word nou dat hulle nie meer vir die Joodse geldbase van nut op die slagveld is nie. Intussen is die huise waarin hulle voorheen 'n gelukkige gesinslewe geniet het, verhuur aan uitlander-vlugtelinge wat op die vettigheid van die land leef.

Hierdie gebrek aan belangstelling is nog maar die voorsmaak wat soldate wag na afloop van die oorlog, trots al die beloftes.

## HUISE VIR ARMES ?

Die Britse minister van openbare werke het verlede week sy parlement in kennis gestel dat Engeland na die oorlog klaargemaakte staalhuise na die dominiums en kolonies wil uitvoer. Die huise sal glo teen £550 met enkele toebehore verkoop word.

Lesers sal hulle herinner dat daar onlangs in Transvaal proefnemings gedoen is met die bou van huise teen 'n koste van £175. Beweer is dat hierdie nuwe boumetode heeltemal doeltreffend is en dat huise binne enkele dae voltooi kan word. Of daar ooit weer iets van hierdie metode gehoor sal word, sal vir 'n deel daarvan afhang in hoever dit die mark hier vir Engeland se staalhuise gaan belemmer. John Bull moet ook leef. Vir die res sal dit afhang of die geldbelange 'n goedkoop huis sal goedkeur as inkomstebron. Hulle moet ook leef. Vir die Volksbeweging is dit egter belangriker dat die armes sal lewe.



DIE O.B., WOENSDAG, 24 MEI 1944.

# Die „Dooie Man"

„Daar is niks wat so in die pad is as 'n dooie soldaat nie," het 'n veldheer eenmaal gesê. En met hierdie woorde het hy die plek en waarde van die soldaat volgens die kapitalistiese opvatting kortliks aangedui. Ons lees hierdie woorde oral vandag soos ons dit na die vorige oorlog ook gelees het in die optrede van die verskillende demokratiese regerings teenoor die manne wat vir hulle die oorwinning met hul liggaame gekoop het. Die verminktes wat daarna op die straat gestaan en bedel het vir hul stukkie brood, moes ondervind dat hulle nou geen waarde meer het in die oë van die geldbase en demokrate nie. Niks is so in die pad as 'n blinde soldaat nie; hulle is in die pad van diegene wat veilig tuisgebly en groot winste gemaak het. Die oud-soldaat wat ná vier jaar van onafgebroke diens aan die front ,ver weg van sy gesin, eindelik na die burgerlike lewe terugkeer, moes maar te dikwels ondervind dat niks so in die pad is as 'n teruggekeerde soldaat nie. Hy is nou in die pad van diegene wat hom met soveel vriendelike gebaar aangehits het om ook sy deeltjie by te dra tot „beveiliging" van die mensdom. Maar nou dat hy na reg aanspraak kan maak op vriendelike gebare, is niks so in die pad soos hy nie. Van owerheidsweë moet eintlik wetgewing ingedien word ten einde geldbase te dwing om teruggekeerde soldate weer in diens te neem — vir 'n jaar. Wat na daardie jaar gaan gebeur, kan die regering nie sê nie, maar die geskiedenis van 1922 en die werkloosheidsyfers van die groot demokrasieë, kan dit wel sê.

**WAKKERSTROOM**

Geen wonder dan ook dat daar nou reeds tydens die oorlog, onderwyl nog steeds angstig gesoek word na meer rekrute, stemme gehoor word van soldate wat aan die verwaarlosing oorgelaat word nie. Tydens die onlangse verkiesing in Wakkerstroom het die soldate-kandidaat, mnr. Len Hall, verwys na die gebroke beloftes aan soldate. **Uit die gehoor is hom namens die regering gevra: „Maar het die Regering werklik beloftes gedoen?" Mnr. Hall het geantwoord dat daar „gentleman's" beloftes gedoen is. „Maar was dit KONKRETE beloftes?" wou die vraesteller van die regerende party verder weet.**

Hierdie soldaat, wat lank geen teruggekeerde is nie en nog in volle diens staan, moes daar ondervind dat die egtheid van die beloftes aan hom nou reeds in twyfel getrek word waar sy persoon in die pad gekom het van twistende politieke partye. **Vir hierdie demokrate was niks so in die pad as die protesterende soldaat nie. Daarom het die een party die ander verwyt dat hy verantwoordelik is vir die kandidatuur van die soldaat met die oog op verdeling van stemme.** Vir hulle is die protes van 'n soldaat maar net 'n set om stemme te verdeel. In hulle oë is dit die waardevolste rol wat hy nog kan vul — te dien as middel om 'n opponerende party mee te uitoorlê.

**HELP EN BESKERM**

**Vandag besef die soldaat dat wat hy nodig het nie is 'n demokrasie waarbinne hy die vryheid het om werkloos te wees nie, maar 'n sosiale gesagstaat waar die lede van die volk onderling saamgebind is tot 'n lotsgemeenskap soos vervat in die eed van die Ossewabrandwag: Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm. 'n Staat waarin die leuse geld: Een vir almal en almal vir elk.**

Watter waarde die uitslag van 'n parlementêre tussenverkiesing ook al vir die demokrate mag inhou, hierdie vrae aan die kandidaat het gehelp om die soldaat tot die besef te bring dat daar vir hom net een weg oop is en dit is na die Volksbeweging waar hy gereken word as 'n waardige VOLKSGENOOT, en nie as iemand wat in die pad staan nie. Vir die Volksbeweging is die lewe van 'n volksgenoot so kosbaar dat hy veg vir die lewenslig van 'n ongebore kind. **Te meer veg hy vir die voortbestaan van die lewende lid, en daarom ook vir die teruggekeerde soldaat, want hy het 'n waarde as MENS, en nie net as werktuig nie.**

# VELDM. SMUTS HET GEPRAAT.

(DEUR PROF. J. A. WIID.)

Die Suid-Afrikaanse Premier het weereens in egte diplomate-taal van 'n hele boel minseggende vaaghede en gemeenplase kwytgeraak. Op hierdie gebied is hy 'n erkende meester. Dit is dan ook geensins die bedoeling van hierdie artikel om oor veldm. Smuts se jongste Birminghamse toespraak as geheel kommentaar te lewer nie. Alleen oor twee sake in sy redevoering aangeroer, sal hier uitgewei word.

Volgens veldm. Smuts „sal die slag van Europa miskien nie beslis word deur die aanstaande krygsverrigtings in die weste of deur aanvalle op die gebied van die Middellandse See en aan die Russiese fronte nie, maar wel deur al drie gesamentlik. Dit sal 'n ernstige fout wees om al ons aandag en ons hoop op oorwinning toe te spits op die opening van 'n wesfront en te vergeet dat al drie fronte in werklikheid een is en as 'n geheel beskou moet word", het hy gesê.

Hierdie woorde van veldm. Smuts klink 'n bietjie eienaardig met die oog op die Geallieerdes se propaganda wat ons reeds lang verseker het dat elkeen van hierdie fronte 'n beslissende karakter dra. Is ons dan nie herhaaldelik verseker dat die posisie van die Duitse strydmagte op die see, in die lug, in Rusland, Afrika en Italië vertwyfeld en hopeloos is nie? Waarom het hierdie drie-fronte-teorie nie werklikheid geword in die jare wat verby is toe die Russiese bondgenoot feitlik alleen die spit moes afbyt? Of meen veldm. Smuts miskien dat die Duitse militêre mag nie so verswak is soos die terugtogte in Afrika, Italië en Rusland skyn aan te dui nie?

DIE ITALIAANSE FRONT

Op die oomblik heers daar net aan een van veldm. Smuts se drie fronte groot bedrywigheid. Aan die Russiese front is dit so stil en rustig soos dit vir 'n baie lang tyd nie was nie. Dit wil natuurlik nie sê dat dit altyd so sal bly nie. Die Wesfront het nog nie werklikheid geword nie en word nog steeds in die vooruitsig gestel. Aan die Italiaanse front egter word daar werklik geveg. Hier is 'n ware volkeslag aan die gang. Al die wêrelddele is hier verteenwoordig. Ons verneem van Nu-Seelanders, Kanadese, Indiërs, Pole, Franse (swart en wit uit Afrika), Amerikaners en Britte. Eersdaags sal glo ook die Suid-Afrikaanse divisie hier in aksie wees. Die Geallieerdes het reeds suksesse behaal en vordering gemaak in die rigting van Rome.

Die merkwaardige in die Italiaanse veldtog is egter nie soveel die Geallieerdes se suksesse nie, maar wel die feit dat die Duitsers, tenspyte van al die Italiaanse verwarring wat op die kapitulasie van Badoglio gevolg het, in staat was om so lang in Suid-Italië stand te hou. Die natuurlike en derhalwe aangewese verdedigingslinie van die Duitsers lê nie ten suide nie, maar heelwat ten noorde van Rome by die noordelike Apennyne. Rome self kan wel heelwat prestige-waarde maar min militêre-strategiese betekenis besit. 'n Inval in Duitsland of Frankryk vanuit Italië kan net so 'n mislukking wees as die twee Britse pogings in 1881 en 1899 om Pretoria vanuit Natal oor die Drakensberge te beset. Die Italiaanse veldtog kan nooit anders as van sekondêre militêre betekenis wees nie. Dit sal aan die Russiese front en aan die Wesfront, wat nog opgerig moet word, wees waar die beslissende veldslae gelewer sal moet word. Die Italiaanse veldtog het tot dusver reeds genoegsaam bewys hoe ligsinnig die propaganda was wat die besetting van Rome en die Brenner reeds lang gelede in die onmiddellike vooruitsig gestel het.

VELDM. SMUTS EN DIE BOLSJEWISME

In die redevoering van die Suid-Afrikaanse Premier word ook na Rusland verwys. Volgens Smuts „hoef die fenomenale opkoms van Rusland nie die wêreld met vrees te vervul nie. Rusland het sy rol om in die nuwe gemeenskap van volke te speel". En dan volg die merkwaardige woorde: „Laat die stem van Tolstoi tot Rusland en tot ons spreek liewer as die stem van Karl Marx wat buitendien nooit 'n Rus was en ook nooit van Rusland was nie".

Hierdie laaste sin van die toespraak van veldm. Smuts, wat trouens in ooreenstemming is met die strekking van sy „ontplofbare" redevoering in Londen van verlede November, toe hy na die Russiese „Kolos" verwys het, is so ontplofbaar dat selfs regeringskoerante hier te lande dit nie gepubliseer het nie. Moskou het dit bepaald nog nooit ondervind dat 'n verantwoordelike staatsman en bondgenoot wyn van hierdie sterkte aan hom bied nie. Smuts se raad aan Stalin: „Laat die stem van Tolstoi tot Rusland en tot ons spreek liewer as die stem van Karl Marx, wat buitendien nooit 'n Rus was en ook nooit van Rusland was nie", is so ongehoord en verbysterend dat die vraag gestel mag word of ons hier met 'n ou man te doen het wat nie meer vir sy woorde verantwoordelik gehou kan word nie. Hy het tog aan die Russe die ongevraagde raad gegee om hul reeds ingewortelde kommunistiese wêreld- en lewensbeskouing oor boord te werp en om terug te keer na die ou paaie. Dit is egter waarskynliker dat die Suid-Afrikaanse Premier hierdie ongevraagde advies aan Stalin nie in voortvarendheid aangebied het nie, maar dat hy die betekenis van hierdie oorlog en die gevaar van die Bolsjewistiese Kolos vir Europa, die Britse Empire en vir die wêreld eindelik deeglik insien. Dit staan vas dat Smuts bang vir sy Bolsjewistiese bondgenoot geword het en dat hy die moed het om hierdie vrees, al is dit ook in versuikerde vorm, uit te spreek.


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**BENODIG**
**Susters en Stafverpleegsters**
deur die
**VOLKSHOSPITAAL**
ORANJEZICHT, KAAPSTAD.

Doen aansoek met volledige besonderhede van kwalifikasies, ondervinding, ouderdom, getuigskrifte en datum waarop pligte aanvaar kan word, by DIE SEKRETARIS.

Die Volkshospitaal is 'n inrigting met Afrikaans as offisiële taal, vir betalende BLANKE PASIËNTE alleen. Salarisskaal volgens die KAAPSE PROVINSIALE ORDONNANSIE. Aanvangssalaris, insluitende toelaes: Susters £19-1-8 per maand, Stafverpleegsters £14-10-0 per maand met vrye losies en inwoning.


***NYLSTROOM***
**VOLKSFEES**
*Vrydag en Saterdag*
*2 en 3 Junie 1944*
Kom luister na ons
**Kommandant-generaal**
(Dr. J. F. J. van Rensburg)
en verskeie ander belangrike sprekers
'N BOEREFEES
in
'N BOEREGEES

**P. A. WILKEN**
MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:
RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

ons
vervaardig
meubels



vir
u huis
om te pas
by u smaak
en omstandighede

SKRYF OM ONS AANDELEBROSJURE
EN WORD 'N AANDEELHOUER VAN

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

HOOFKANTOOR:
De Villiersstr. 15, JOHANNESBURG. Posbus 6670—Foon 33-2171/2

EIENAARS VAN:
J. S. UNTERHALTER BPK., h/v. St. Andries- en Pretoriusstrate, PRETORIA
GOODWOOD MEUBELS BPK., Paul Krugerstr. 340, PRETORIA
L. D. PHILLIPS BPK., Pleinstraat 47—49, KAAPSTAD

TAKKE:
JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

*SEKURITEIT VIR U BELEGGING*

# Kommando-nuus.

## STELLENBOSCH LEWE

Die Vroue-kommando A3b6 van Stellenbosch berig as volg insake hul bedrywighede:

Ons kom maandeliks as 'n werkgeselskap byeen in ons Vriendskapskamer. Ons is besig met 'n groot bedsprei vir 8 Augustus. Ook word ons 8 Aug.-bussies nie vergeet nie.

Elke twee weke het ons gesamentlike sang, na afloop daarvan een of ander lesing, b.v. Hoe om te spin, en Kunswaardering. Ons volgende gaan wees Herinneringe en vertellinge omtrent die Anglo-Boereoorlog.

In ons Vriendskapskamer word vier maal per week tee met koekies bedien. Die geld gaan vir die Noodhulpfonds.

Ons Generaal het ons £15 besorg vir die huur van ons kamer, wat £4 per maand beloop — met die gevolg dat ons vir die afgelope twee maande ongeveer £13 kon opstuur.

Die asst.-veldkornettes van die dorp is beurtelings vir een maand verantwoordelik vir die teebediening — ons plaaslede lewer weer diens deur koekies te bak.

Een van ons Boereseuns het die nuwe wapen vir ons geteken en geraamd present gegee.

## ROUXVILLE BEDRYWIG

Die vrouekommando van Rouxville is druk besig met volkswerk. Eenkeer per maand word deur een van ons veldkornette klasse gegee in spin, die maak van speelgoed — lappoppe as ook stelletjies speelgoed wat uit blikkies vervaardig kan word, — en die regmaak van ou hoede, te Goedemoed wat ook in die kommando val. Op hierdie manier word geld vir die kommandokas ingesamel, aangesien persone wat die klasse bywoon en nie lede van die O.B. is nie, 'n fooi betaal soos deur die offisiere op 'n offisiersvergadering vasgestel. Persone wat wel lede van die Beweging is, mag genoemde klasse gratis bywoon. By geleentheid van hierdie byeenkomste word soms ook verversinge verskaf, die opbrings waarvan dan ook in die kommandokas gestort word.

[illegible]n van die offisiere, asst.-veldk. mev. Otto, gee weekliks lesings aan die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga-tak in verband met Moederkunde en Kinderversorging, onder beskerming van die Ossewabrandwag. In hierdie opsig word andermaal 'n baie nuttige diens aan ons volk bewys.

Intussen hou die lede hulle besig met die vervaardiging van rommelartikels wat dan op Ossewabrandwagdag, 8 Augustus, van die hand gesit sal word. —(Ingestuur.)

## NUWE LEDE DOEN MEE

'n Uiters goedgeslaagde en aangename funksie ten bate van die Noodhulpfonds is in die begin van Maart deur jeugveldkte. Du Preez, asst. veldkt. Coetzer en veldkt. Van Wyk op die plaas van mnr. Sarel Streicher in die dist. Witbank gehou.

Die opkoms was besonder goed, en heelwat nuwe Brandwagte is opgemerk.

Fondse is ingesamel deur die verkoop van allerhande soorte lekkernye en pryse bestaande uit koek en hoenders is met jukskei uitgegooi.

Die funksie is afgerond met volkspele, waar oud en jonk aan deelgeneem het. Die mooi bedraggie van £35 kon ingehandig word.—(Ingestuur.)

## PAUL ROUX SING

'n Goedgeslaagde sangaand is op Paul Roux deur die Manne- en Vrouekommandos gehou. Genl. en hoofkomdte. J. F. van der Merwe was ook teenwoordig en die Generaal het 'n toespraak gehou. Kommandante Griesel wat op verlof was, is met dieselfde geleentheid terug verwelkom. Aan haar is 'n adres en 'n versierde koek oorhandig. Kommandante Van der Merwe het die lede nuwe liedere uit die O.B.-sangbundel geleer wat baie byval gevind het. Met pouse is tee verkoop terwyl die orkes vrolike musiek verskaf het. 'n Mooi bedraggie is ingesamel.—(Ingestuur.)

# KOMDT.-GENL. IN NOORD- EN OOS-TRANSVAAL

Die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het pas 'n reeks uitstekende vergaderings in Noord- en Oos-Transvaal gehou van 9 tot 13 Mei.

Pietersburg, Lydenburg, Roos-Senekal, Carolina, tel onder die plekke wat die voorreg gehad het om te luister en wat hul waardering betoon het deur geesdriftige gehore te besorg. Die vergadering op Carolina verdien spesiale melding as 'n besonder geslaagde onder die reeks suksesvolle byeenkomste. Lydenburg deel ook mee in 'n spesiale berig aan Die O.B. dat hulle reeds die voordeel trek uit die besieling wat uitgegaan het van die besoek. Hulle het by die geleentheid 'n hele dag gesellig deurgebring met verversings wat ten behoewe van die Noodhulpfonds van die hand gesit is.

**O.B.Beleid Uiteengesit**

Die K.G. het die beleid van die Ossewabrandwag uiteengesit, met besondere verwysing na die sosiale verpligtings soos deur die O.B. in sy Noodhulpfonds prakties nagekom. Hierdie saak is breedvoerig behandel en onder blyke van groot geesdrif aangehoor. Dr. Van Rensburg het verder verwys na die kors van stilswye en verdraaiing wat vir drie jaar die Ossewabrandwag probeer demp het, maar nou vinnig besig is om totaal te breek. Die invloedsfeer van die O.B. brei vinnig uit, ook na die kringe van Engelssprekende Afrikaners, terugkerende soldate en werkers.

**O.B. Mag Toetrede Beperk**

**Namate die O.B. uitbrei, het die Kommandant-Generaal voortgegaan, sal oorweeg moet word of toetrede tot die kommando-organisasie van die O.B. nie beperk moet word tot toetrede alleenlik langs die weg van die O.B.-Boerejeug nie. Direkte toegang tot die O.B. sal dan net onder buitengewone omstandighede toegelaat word.**

# UIT DIE O.V.S.

Genl. Barry Grobler, die reisende verteenwoordiger van Voorslag (Edms.) Bpk., het 'n reeks offisiersvergaderings in Gebied C gehou waar hy offisiere op 5, 6, 8, 9 en 11 Mei te Odendaalsrust, Wesselsbron, Hoopstad, Hertzogville en Petrusburg ontmoet en toegespreek het. 'n Besondere goeie gees en kameraadskap en geesdrif het die byeenkomste gekenmerk en genl. Grobler het dan ook beleidsake oor die algemeen sowel as sake betreffende die O.B.-blad behandel.

Ter aanvulling van die Ossewabrandwag se aanbod van steun aan die werkers van Suid-Afrika het spreker daarop gewys dat die groot massa laagbesoldigde werkers en werksters in die stede, die seuns en dogters is van die Afrikanerdom. In tallose gevalle is dit kinders uit die platteland. Hierdie verskuiwing van die platteland na die stede, sal steeds toeneem, en dit is dus duidelik dat die toekoms van ons volk in die groot stede van Suid-Afrika beslis sal word.

Met die oog op die mislukte Stadsraad en Volksraadsverkiesings van die verlede, is dit volkome korrek dat die O.B. sy volksgenote in die stede moet steun as werkers en nie as lede van 'n besondere Party nie.

Dit baat die Afrikanerdom niks dat daar oor 'n 100 jaar 8 miljoen Afrikaners sal wees met Afrikaans as voertaal, as daardie Afrikaners die huurlinge moet wees van 2 miljoen vreemdelinge nie.

Hierdie aanbod van die O.B. aan die werkers is die belangrikste stap wat die belangrikste organisasie in Suid-Afrika nog geneem het. Dit is Volkspolitiek want die hele Volk staan daarmee in verband.

Die venyn waarmee die O.B. in die verlede beveg is, het feitlik verdwyn, en die veglustiges het meesal in moedeloosheid teruggedeins voor die standvastigheid van die Brandwagte. Vandag is dit slegs die Ossewabrandwag wat homself handhaaf as Beweging deur die lengte en breedte van Suid-Afrika.

Die O.B. het haar beroep op die eerlikheid, eerbaarheid en manmoedigheid van die Afrikanerdom, en tienduisende het geantwoord. Met hierdie manne en vroue sal ons Suid-Afrika red.

Genl. Grobler maak met diepe waardering melding van die offervaardigheid en gasvryheid van al die offisiere met wie hy in aanraking gekom het.

# WAPENSKOU SE APRILNOMMER

Die jongste nommer van Wapenskou, die amptelike orgaan van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, bevat heelwat stof wat O.B.-offisiere en Brandwagte se belangstelling sal prikkel. Die volksbewegingsbegrip word verder uitgebou deur die betekenis van die musiekwese en boukuns in die volksverband na te gaan. Mnr. Ernst Schutte, seker die bekendste en een van die mees gewilde radio-omroepers in die tyd waarin hy aan die radiodiens van ons land verbonde was (hy het om ,,onverklaarbare'' redes sy ontslag in 1942 gekry) is vir die artikel oor ,,Musiek in die Volksverband'' verantwoordelik. Mnr. Schutte waarsku veral teen die Wes-Afrikaanse negerinvloede wat dreig om die musiek heeltemal van die volksbodem te ontruk. Mnr. Wynand H. Louw, die bekende Afrikaanse argitek, dra sy deel by met 'n artikel oor die ,,Ontwikkeling van 'n Eie Suid-Afrikaanse Boukuns''. Dis genoeg as beweer word dat 'n vakdeskundige in hierdie artikel aan die woord is.

Prof. dr. J. Chr. Coetzee, die P.U.K.-opvoedkundige, bespreek die saak van nasionale onderwys in die tweede van sy reeks artikels oor hierdie aktuele onderwerp. Prof. L. J. du Plessis, beleidshoof van die O.B., werp baie lig op die rigting waarin ons volkspolitiek besig is om te ontwikkel in sy artikel: ,,Volkspolitiek en Volksbeweging.'' Dieselfde geld vir adv. J. de Vos se insiggewende studie oor ,,Ons en die Revolusie''. Ander artikels gaan oor ,,Die Mag van die Staatspresident'', deur mej. R. Hugo, ,,Die Werk van die Bibliotekaris'', deur mnr. P. C. Coetzee, ,,Die Mens se Plek in die Uitsettende Heelal'', deur dr. J. M. le Roux, van die Ingenieursdept., U.S., e.d.m.

Oud-regterpresident C. L. Botha lewer voorts 'n waardevolle bydrae oor genl. Hertzog se lewe. Regter Botha was 'n klasmaat van genl. Hertzog, beide op Stellenbosch en in Holland, en hy verskaf interessante inligting wat nie in C. M. v. d. Heever se lewensbeskrywing voorkom nie.

Brandwagte word sterk aangeraai om in te teken op Wapenskou (Bus 28, Stellenbosch). Die intekengeld is 5/- p.a., en daar verskyn vier nommers p.a. Deur in te teken op die blad, stel u die A.N.S. in staat om sy beleidstudie en -voorligting op 'n meer doeltreffende manier voort te sit.

SUPERKRAG
Kan U alleen verkry deur my Kursus te volg.
Dit is die beste en goedkoopste Kursus in die land.
*EK BOU KAMPIOENE*
Skryf om besonderhede aan:
JOHAN HEFER
Posbus 8809
JOHANNESBURG

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

DIE NUUTSTE IN DAMES-
FELT-HOEDE
en
WINTERJASSE
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE.

DE KOCK SE GARAGES
Foon 110, Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Foon 10, Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
*TOT U DIENS !*
V.M.K. AANBEVEEL.

*Ondersteun Ons Adverteerders !*

# VERGADERINGS!

GENERALE MEV. DU TOIT EN HOOFGENL. JURGENS SCHOEMAN SAL DIE VOLGENDE O.B.-VERGADERINGS OP DIE VOLGENDE PLEKKE TOESPREEK:

| DATUM | TYD | PLEK |
|---|---|---|
| 10 Junie | 2.30 n.m. | Diepkloof — in die C.J.V.-Saal. |
| 10 Junie | 7.30 n.m. | George. |
| 12 Junie | 11 v.m. | Middelrug — by H/Komdt. Gerber. |
| 12 Junie | 2.30 n.m. | Rus-en-Vrede. |
| 12 Junie | 7.30 n.m. | Knysna. |
| 13 Junie | 2.30 n.m. | Brandwag. |
| 13 Junie | 7.30 n.m. | Groot-Brakrivier — by Wagmaj. Pio. |
| 14 Junie | 2.30 n.m. | Voelvlei — by Komdt. Zietsman. |
| 14 Junie | 7.30 n.m. | Mosselbaai. |

O.B.-OFFISIERE EN BRANDWAGTE, AANDAG !

WAPENSKOU

bied sy dienste aan u as voorligtingsorgaan m.b.t. dienslaer- en studielaeronderwerpe, sowel as m.b.t. ander volksvraagstukke. Die K.G. sê van Wapenskou: ,,Wapenskou, die amptelike orgaan van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei. As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende geledere.''

WAPENSKOU

verdien 'n plek in elke Afrikanerhuis. Teken onmiddellik in by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch. Die intekengeld is 5/- vir 4 uitgawes per jaar.

